

Die Fontein!!!

Dien met vreugde!

Diensbaarheid – juk of vreugde?

'n Charismatiese gemeente?!

Verklaar jou bereidwilligheid!



DIE MAAND IN DIE FONTEIN

AUGUSTUS 2025



Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking

03 Dien met vreugde!

05 Diensbaarheid – juk of vreugde?

06 'n Charismatiese gemeente?!

07 Verklaar jou bereidwilligheid!

08 Gebedsversoeke

Gemeentenuus

09 Dankbaar vir Sy genade!

10 Toerusting in Milange

11 Vanaf die Diakonie

13 Kerkfinansies

Rubrieke

14 Nuwe lidmate

15 Kollig: Bemoedigingsgroep

19 Tienerfokus

16 Blokraaisel

17 Het jy geweet?

18 Diere en voëls van die Bybel

23 Briewekolom

Kinderhoekie

20 Vervolgverhaal

21 Kleuterpret

22 Jongmensjolyt

Advertensies

25 Snuffelfontein

26 Blokadvertensies

Teks vir die maand

“... So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Matteus 20:28

Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

In Gal. 5:13c doen Paulus 'n beroep op die gelowiges “om mekaar in liefde te dien”. Dit geld ook vir ons. So het Jesus aan sy dissipels (en ook aan ons) 'n voorbeeld gestel toe Hy vir hulle gewys het om mekaar selfs met die nederigste werk te dien, nl. om mekaar se voete te was.

Die waardes van God se koninkryk is in kontras met die waardes van die wêreld. Die ongelowiges van hierdie wêreld streef daarna om die hoogste sport te bereik. Om beheer oor ander uit te oefen – die wêreldling is liever baas as Klaas. Jesus leer ons dat dit net andersom moet wees. Jy as **koningskind** moet in nederigheid bereid wees om ander te dien en die ander altyd hoër ag as jouself (Fil. 2:3).

Die Heilige Gees rus elke gelowige toe met een of meer gawes en talente om sy/haar medegelowiges in die gemeente mee te bedien. Die Gees gee hierdie gawes aan ons sodat ons mekaar kan opbou. In 1 Kor. 12 word die kerk vergelyk met 'n liggaam waarvan Christus die Hoof en ons as gelowiges die ledemate is. Elke ledemaat het 'n besondere funksie en die een kan nie sonder die ander klaarkom nie. So bou ons mekaar op en versterk mekaar.



Ons wend ons gawes nie aan uit pligsbesef asof ons iets daarmee wil verdien nie, maar uit dankbaarheid vir God se groot genade waarin ons ook mag deel kry en daarom is dit vir ons 'n vreugde om ander te dien! Hierdie gesindheid om ons gawes met vreugde aan te wend, het ons elkeen beloof toe ons die dag ons geloof voor almal bely het. Ons het “Ja” geantwoord toe ons die vraag gevra is of ons beloof om ons gawes **gewillig en met vreugde** tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God aan te wend.

Daarom kon die Redaksie nie aan 'n beter tema vir die maand Augustus dink as kort en kragtig “**Dien met vreugde**” nie! Geniet hierdie maand se artikels en gee asseblief vir ons terugvoer in die volgende uitgawe d.m.v. ons Briewekolom.



Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za**.



Of WhatsApp die kerkkantoor by **079 162 3453**.



Gooi jou brief in die boksie by die kennisgewingbord.

Woorddoordenking: Jy en ek is Kelners!

Ds. Pieter Kurpershoek

Onder leiding van die Gees noem Petrus ons bedienaars (rentmeesters). Hiermee sê Petrus dat ons as't ware 'n bord kos of bottel wyn of servet van Jesus kry waarmee ons ons medegelowiges mag bedien. Jy en ek is dus eintlik KELNERS in diens van ons Here Jesus!



Maar wat is die bord kos of bottel wyn of servet wat ons mag bedien? Petrus sê dit is **die veelvoudige genade van God** – al God se gratis geskenke:

📺 Ons sondes wat vergewe word.

📺 Die kos, klere en geld wat die Here vir ons gee.

📺 Die gawes wat die Gees vir ons gegee het, gawes soos om mekaar te bemoedig, mekaar te help, mekaar te ondersteun.

📺 Die vermoë om leiding te kan gee, om te kan onderrig, om jou te kan bystaan.



Lees: 1 Petrus 4:7-11
(Fokus: Vers 10)
Sing: Skrifberyming 3-4:1-5

Al hierdie geskenke gee die Here nié vir ons om net self te geniet (te eet) nie. Née, ons mag dit juis aan mekaar gaan bedien!

Om te bedien beteken dat jy die mense om jou versorg, dat jy jouself aan die mense om jou gee, dat jy jouself opoffer, dat jy met dié genadegeskenke wat jy van die Here gekry het die mense om jou se voete gaan was. Jy volg dus in Jesus se voetspore, Jesus wat gesê het dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar wél om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense (Mark. 10:45).

Maar is dit nie lekkerder om eerder bedien te word nie? Née, jy en ek WIL eerder dien. Ons Here Jesus staan naamlik op die punt om terug te kom. Ook het Hy ons geroep om Hom op hierdie manier met oorgawe te dien. Daarom WIL ek kelner wees en so ook ons Here Jesus verheerlik!

Dien met vreugde

Corrie van Wyk

“Ons dien God deur ander te dien.” – Rick Warren



Voel dit soms of die wêreld se gewig op jou skouers lê? Hoe lyk jou buurt se beurtkrag-skedule? Die petrolprys is alweer op. Bedrog en korrupsie is daaglik in die nuus. Sien jy hoe dit voorspoedig gaan met kwaaddoeners en plundersaars wat geen agting vir ander het nie en voel jy dan in jou binneste kwaad en omgekrap? Wat wil jy graag hê moet gebeur?

In Ps. 37 sê Dawid:

“Vind jou vreugde in die Here, dan sal Hy jou gee wat jou hart begeer.”

Daar is soveel rykdom, vreugde en dankbaarheid in die diens van die Here en my naaste. Deur die Heilige Gees maak Hy jou bereid om net vir Hom te lewe. (HK, antw. 1). Dit bring:

-  vreugde, vrede en vryheid
-  sekerheid in 'n onsekere lewe
-  hoop in 'n troostelose toekoms
-  dankbaarheid in voorspoed
-  geduldig selfs in teëspoed ... want ons bly in die hand van ons Vader en niks kan ons van sy liefde skei nie (Rom. 8: 38 & 39). Dan gaan dit mos goed met almal wat by Hom skuiling soek (Psalm 34:9)!

Dien ek en jy die Here met vreugde? Of sit ek en jy op Sondae dalk heerlijk in die kerk, maar doen niks die res van die week om die armes en siekes se nood te verlig nie? My diensbaarheid sê iets van my verhouding met God – dis 'n weerspieëling van wat in my hart aangaan. Dit gaan nie hier om my saligheid deur dade te verdien nie, maar of ek die Heilige Gees toelaat om my gedagtes én gedrag te verander. So sal 'n hart, wat oorloop van liefde vir God en vir ander ook sigbaar word in dade, in hulpverlening aan ander. Om ander met vreugde te dien, is iets wat ek graag wil doen omdat Jesus vir my die voorbeeld gestel het en ek hom uit dankbaarheid vir Sy weldaad aan my wil volg.

Ps. 100 roep ons op om die Here met vreugde te dien:

“Dien die Here met blydschap. Kom voor Hom en sing met vreugde!”

**“My diensbaarheid
sê iets van my
verhouding met God
– dis 'n weerspieëling
van wat in my hart
aangaan.”**



Dien met vreugde (vervolg)



Ons moet net aanmeld vir diens! Ek kan aanmeld by die talle liefdesprojekte waarmee die kerk besig is. Klein liefdesdade sê baie – die bak van 'n baksel koekies vir lidmate in die ouetehuis om te sê ek gee om, die skenk van bloed, of om saam te werk aan 'n fondsinsameling vir armes.

Enkele ander praktiese voorbeelde van nederige liefdesdiens onder ons is om iemand te vertroos, bemoedig en op die regte pad te lei uit die waarhede van God se Woord of om vir jou medegelowige 'n gebed te doen. Om iemand op te laai wat nie vervoer het na die erediens of 'n ander byeenkoms nie of om iemand te vervoer na 'n winkel of dokter. Om vir iemand prakties te help met iets by sy huis. Om vir iemand of 'n gesin in 'n moeilike tyd van hulle lewens kos te neem.




'n Lewendige, gelukkige en dienende gemeente is God se voorbeeld van Jesus se liefde – 'n gesonde liggaam van Christus wat goed werk om in die gemeenskap 'n verskil te maak.

Die kerk se mense ondersteun mekaar, sodat ons almal saam by die eindpunt as oorwinnaars kan aankom. Vir die woorde “saam”, “mekaar” en “dien” om nie net 'n droom te wees nie, vra iets van elkeen van ons. Ons moet onself gee, sodat ons werklik kan praat van “saam” iets doen.

“'n Lewendige, gelukkige en dienende gemeente is God se voorbeeld van Jesus se liefde ...”

Dit gaan oor liefde in ons lewens. Liefde vir God, liefde vir mekaar. Dit is die groot gebod. Dit is die enigste gebod!

Kom ons wees 'n Filippi-beginsel-gemeente: 100% betrokke, 100% lief vir die Here, 100% lief vir mekaar. Kom ons verander die wêreld deur Jesus se liefde met vreugde saam uit te lewe!



Diensbaarheid – juk of vreugde?

Magda du Toit



In Augustus plaas ons 'n spesiale fokus op die vrou en al die rolle wat sy in die samelewing vertolk. Vrouedag bied die geleentheid om die rol van vroue oor die volle spektrum van die samelewing te belig en te erken – van die sorgsame ma wat trane afdroog, tot die vrou wat haar plek in die sakewêreld volstaan.

Een van die eienskappe wat uitstaan in die mondering van vroue, is **diensbaarheid**.

Diensbaarheid beteken om ander te dien sonder om iets terug te verwag.


Dit kan gesien word as 'n liefdesdiens wat opoffering, nederigheid en die bereidwilligheid verg om ander se belange bo jou eie te stel.

Diensbaarheid kom egter nie altyd natuurlik nie. Soms voel ons onbevoeg om ons dienste aan te bied en staan dan skugter terug.

Daar is geen rede waarom ons minderwaardig hoef te voel nie. Wanneer die Here jou nodig het vir 'n taak, rus Hy jou ook daarvoor toe.

Jes. 45:6 sê:

Ek rus jou toe vir jou taak al ken jy My nie. Ek self sal voor jou uitgaan en hoogtes gelykmaak. Ek sal vir jou skatte gee wat in die donker gebêre word ... sodat jy kan weet dat Ek jou op jou naam geroep het, Ek, die God van Israel.



“Daar is geen besondere gawe nodig om liefde te betoon nie ... Dit vra wel opoffering.”

Die Here rus ons nie net toe nie, Hy gee ook vir ons voorbeelde by wie ons belangrike lewenslesse kan leer. Hy het vroue as moeders, profete, rigters en regeerders gebruik. Daar was Mirjam, Debora, Hulda, Anna, Ester, Naomi, Rut, Maria, Maria Magdalena en ook Lidia om 'n paar uit te sonder.

Die Here het hierdie vroue in verskeie rolle gebruik en hulle was diensbaar te midde van ander alledaagse rolle en verpligtinge.

Jesus is vir ons die volmaakte voorbeeld van diensbaarheid. Hy het sy dissipels geleer dat die grootste onder hulle ook ander moet dien (Mark. 9:35). Daarom kan diensbaarheid gesien word as een van die kernwaardes van 'n Christen. Dit is 'n kragtige manier om Jesus Christus se liefde aan die wêreld te demonstreer. Ons bewys ons liefde vir die Here op die manier wat ons liefde aan ander betoon.

Diensbaarheid – 'n juk of 'n vreugde?

Daar is geen besondere gawe nodig om liefde te betoon nie. Hande wat tee skink en skottelgoed was het nie 'n besondere vaardigheid nodig nie. 'n Oproep na iemand wat siek of eensaam is, neem nie baie tyd in beslag nie. Dit vra wel opoffering. Die verg dat ons met ywer antwoord op die opdrag van die Here om mekaar in liefde te dien.

GK Pretoria-Annlin: 'n Charismatiese gemeente?!


Ds. Pieter Kurpershoek

Is ons as gemeente 'n charismatiese gemeente?

Ek is seker jy wil onmiddellik sê: Maar natuurlik nie! Tog leer ons Here ons in 1 Kor. 12-14, Ef. 4:7-16 en Rom. 12:3-8 dat ons 'n charismatiese gemeente is. Die Heilige Hees deel naamlik **charismata** (genadegeskenke, genadegawes) in 'n gemeente uit soos Hy dit wil (1 Kor. 12:7). En Hy slaan niemand oor nie. **Néé, elke gelowige kry ten minste één charisma (genadegawe).**

“... die doel hiervan is dat ons mekaar en ander gelowiges kan help in hul groei na Jesus toe ...”

In Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus erken ons daarom dat ons as gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ja, in die eerste plek gee Jesus vir ons die lewe, versoening, vergifnis. Maar Hy gee ook vir ons sy Gees en daarmee saam die Gees se gawes. So kry ek die gawe van voorbidding, jy die gawe van onderrig, tant San die gawe van vrygewigheid en diaken Jan die gawe van leiding gee.



In Sondag 21 bely ons egter ook dat ons elkeen **verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde** tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend. Ek behoort dus die gawe van voorbidding en jy die gawe van onderrig te gebruik. En die doel hiervan is dat ons mekaar en ander gelowiges kan help in hul groei na Jesus toe en om prakties uit en voor en vir Jesus te leef!

Maar nou sukkel ek soms om my gawe van voorbidding te gebruik of jy weet nie waar jy jou gawe van onderrig kan gebruik nie. Daarom gee die Here nog charismata, manne en vroue wat as diakens ons kan help. So kan diaken Jan my leer hoe om juis vir siekes te bid, terwyl diaken Sus jou help om spesifiek by die toerusting van jong gesinne diensbaar te word.

Wat is die uiteinde?

'n **Lewende, charismatiese** gemeente wat die Gees se genadegeskenke voluit gebruik!

Verklaar jouself bereidwillig

Magda Du Toit

Het jy al ooit gevoel dat jy maar bitter gewoon is? Jy dink dalk jy het geen buitengewone talente nie. Eintlik dink jy moontlik dat God jou nie regtig kan gebruik nie, want jy is regtig maar net, wel, jy?

Tog is elkeen van ons nuttig. Dwarsdeur die Bybel lees ons hoe **God 'n verskeidenheid mense gebruik** – slimmes, dapperes, rykes en armes, konings, slawe, mans en vrouens, siekes en gesondes en selfs dooies. Soms gebruik Hy mense vir wie ek en jy ons neuse sal optrek, ander kere weer mense wat ons dink heeltemal te sondig is.

In sy briewe aan die Korintiërs, noem Paulus dat mense binne die gemeente verskillende gawes het. Hierdie gawes was nuttig en nodig op daardie tydstop en binne daardie spesifieke gemeente. Hy sê **“... daar is mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het.”** (1 Kor. 12:28)

Die Here het vir Abram uit sy geboorteland geroep, Hy gebruik vir Josef daar in Egipte en so roep Hy vir Moses om die Israeliete vry te maak van die mag van die Farao. Hy gebruik vir Debora, Ester, Rut, Maria, Maria Magdalena, Dorkas, Jona, Dawid, Petrus, Johannes, Paulus en vele ander soos opgeteken in die Bybel – elkeen volgens sy of haar unieke persoonlikheid en gawes.

“Wat is Apollos dan? Wat is Paulus?” Dan antwoord hy homself: “Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het.”
1 Korintiërs 3:5

Waarom sal ek en jy dan agter ons sogenaamde swakhede of min gawes wil skuil? Ons moet onself bereidwillig verklaar en vra waar ons die Here op die beste manier kan dien.

Stel jou unieke menswees volledig in diens van God in hierdie stukkende wêreld van ons sodat jy 'n verskil kan maak.

God het elkeen van ons eiesoortig en uniek gemaak. Wat 'n voorreg om een van sy kunswerke te wees. Moenie skugter wees om jou uniekheid te laat blom nie.



Gebedsversoeke -

Dien met vreugde

Carina Pyper

Hoe wonderlik is dit om Sondae die gemeenskap van die gelowiges te kan geniet. Hier kan ons onself verootmoedig en dan met dankbaarheid hoor van Sy genade en vergiffenis. Die prediking rig ons en gee ons krag en laat mens dan met groot dankbaarheid.

Ons is die liggaam van Christus en elkeen van ons is 'n ledemaat wat dien in die Liggaam met gawes wat aan ons geken is. Laat ons dan hierdie dienswerk met hart en siel en volle verstand in afhanklikheid doen. Ons doen dit deur daarvoor saam te bid.

1 Kor. 12:12

“Want soos die liggaam 'n eenheid is, maar uit baie ledemate bestaan, en al die ledemate van die liggaam, alhoewel hulle baie is, een liggaam vorm.”

Ef. 4:7

“Maar aan elkeen van ons is 'n genadegawe geskenk, soos Christus dit uitgedeel het.”

1 Kor. 12:27

“Julle is die liggaam van Christus, en elkeen individueel 'n ledemaat.”



Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word. Volg [hierdie skakel](#) op Annlin se webblad na gebedsbediening.



Almagtige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hoe wonderlik is dit om tot U te bid, want ons het U nodig. Aan U kom toe die lof, eer en heerlijkheid tot in alle ewigheid. Vader, dankie vir ons gemeente en U kerk hier op aarde. Help ons om te besef dat ons U liggaam in Christus is en dat U genadegawes aan ons geskenk het waarmee ons U kan dien.

Here, seën die toerustinggeleenthede wat in ons gemeente aangebied gaan word, dat ons dit sal bywoon en dat U ons sal lei om ons gawes te ontdek sodat ons al hoe meer diensbaar kan wees in U koningryk.

Seën ds. Pieter en ook Eugene wat in ons gemeente werk. Seën die prediking wat ons leer en insig gee oor dienswerk in U koningryk, dat ons sal besef dat dit ons roeping hier op aarde is. Wees met elke diensgroep, ouderling en diaken in hul werk en wandel. Wees met elke lidmaat en ook ons kindertjies.

Wees asb. met ons land en regering, daar is soveel korrupsie en swak leierskap. Wees met ons leiers wat nog 'n regverdige, eerlike inslag het dat hul hul krag van U sal ontvang om reg en geregtigheid te laat seëvier.

Vergewe ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars met U hulp vergewe. Laat U Naam geheilig word. Laat u koningryk kom. Laat U wil geskied.

**Ons bid dit in Jesus Naam.
AMEN**

Dankbaar vir Sy genade!

Giepie van der Merwe



Ek is die Here baie dankbaar vir die voorreg om op so 'n voltydse basis vir die Koninkryk werksaam te mag wees.

Saam met [Disciples Go Ministries](#) werk ek nou voltyds om “gewone mense” (mense wat nie teologiese opleiding gehad het nie) toe te rus om dissipelmakers vir Jesus te wees. Waar ons dan ookal geleentheid kry om hierdie opleiding aan te bied, ervaar ons hoe dat daar byna altyd mense is wat die Here vir ons voorberei het. Soos mosterdsaadjies sien ons hoe hierdie mense dit **vat wat hulle geleer het en hoe hulle begin vrug dra** in die uitvoering van Jesus se Groot Opdrag aan ons as Sy dissipels. Waar dit gebeur word hierdie mense dan deel van ons groter dissipelmaak-netwerk, waar ons poog om hulle verder te ondersteun in hulle eie persoonlike groei, sowel as in hulle dissipelmaak-pogings.



Ons is regtig baie dankbaar om te sien hoe die Here ons hierin vooruitgaan en die deure vir ons oopmaak. Nie net om op hierdie wyse meer arbeiders vir Sy oes in Suid-Afrika te mobiliseer nie, maar ook in die res van Afrika. Soveel so dat ons juis nou besig is om gereed te maak om binne die volgende twee weke na Uganda te vertrek waar ons met so 'n groepie mense vanuit Uganda en Rwanda gaan werk om hulle verder in dissipelmaking op te lei en uit die Woord van die Here te gaan versterk.

Hierdie gewone, maar gehoorsame mense is waarlik die mosterdsaadjies of die suurdeeg waarvan Jesus in Mark. 4 praat en deur wie Hy so 'n groot impak vir Sy Koninkryk in verlorenheid maak. Hulle is vir ons 'n voorbeeld en ons voel baie bevoorreg om saam met die Here in hulle lewens werksaam te kan wees. **Die oes, sê Hy is GROOT, maar die arbeiders is min** (Luk. 10:2), daarom hou ons aan om op die wyse te arbeid en op te lei, sodat Hy meer arbeiders kan hê om in Sy oes uit te stuur!

Ons wil u as gemeente ook van harte vir die finansiële bydrae wat u deur die Evangelisasiekommissie gemaak het, bedank. Dit stel ons werklik in staat om vir hierdie doelwit na Uganda te kan gaan! Aan die Here al die eer!

Toerusting van kerkleiers baie waardevol

Johnny Beumer

Soos verlede maand berig, het ons Mosambiekuitreik vanjaar ten doel om die kerkleiers van die Gereformeerde kerke in Noord-oos Mosambiek verder toe te rus. Daar is 'n twee weke opleidings-kursus vir die kerkleiers in Milange in die eerste helfte van Augustus gereël. Dominees Danie Murray van Kaapstad, Johannes Aucamp van Pretoria en Ron Chimzimu van Mzuzu, Malawi, is die drie sendelinge wat gestuur is om die opleiding te behartig.

Met die finalisering van hierdie uitgawe van die Fontein, was die opleiding nog nie klaar nie, maar ons wil graag ons lesers op hoogte bring van die vordering met die projek. Die opgewondenheid oor die Here se seën kan die beste geïllustreer word met ds. Danie Murray se opmerkings oor die opleiding sover.



Ek haal aan:

“Dit sal te lank vat om te beskryf hoe belangrik hierdie toerusting van leiers is en hoe die Here ons drie se verskillende agtergronde gebruik.

Wow! Die leiers neem entoesiasies deel aan die proses en ondersteuners se gebede word hier gesien.

Transformasie is 'n langdurige proses en is onbeperk in waarde, want dit is God wat Homself vir ons gee. Johannes en sy vrou het 'n mooi opsomming van die proses gegee.

Daarna het ds. Ron met sy geweldig energieke manier soveel praktiese toepassings gemaak vanuit die Bybel vir geestelike groei en huislike lewe.

Baie waardevol. Alles word gedoen vanuit die lewenswêreld van ouderlinge en dominees in gemeentes binne die tradisionele konteks waarin gewerk word.

Hoe goed is dit nie om dit te doen saam met mense wat lief is vir die Here en werklik baie verstaan van daardie tradisionele konteks!”

Lees ook ds. Johannes Aucamp se opsomming waarna verwys word in ons briewekolom.



Vanaf die Diakonie

Diensgroepe

Die Diakonie het sedert Januarie 2025 gereeld vergader om die diensgroepstelsel in ons gemeente uit te bou. Hierdie stelsel beoog **om sorg te dra dat ons gemeente ons eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen**. Hierdie stelsel sal poog om vas te stel waar die nood van gelowiges is en hoe ons hulle van hulp kan wees. Ons lidmate sal ook die geleentheid gegee word om hul geestelike gawes tot voordeel van ons gemeente aan te wend.

Nege diensgroepe is gevestig met 'n verdere twee diensgroepe wat tans nog ondersoek word. Elke diensgroep sal deur 'n diaken (koördineerder) gelei word. Die diensgroep bestaan verder uit 'n aantal lede (ander diakens en lidmate) wat die verantwoordelikhede van daardie diensgroep sal behartig.

Alle lidmate van ons gemeente (wat elkeen oor 'n spesifieke geestelike gawe beskik) sal 'n geleentheid gegun word om hul dienste op 'n vrywillige grondslag aan 'n diensgroep beskikbaar te stel. Daar sal te gelener tyd meer inligting hieromtrent bekend gemaak word.

Wat is geestelike gawes? Kortliks kom dit daarop neer dat dit **ons Goddelike geskenke en vermoëns is om 'n unieke bydrae te lewer**. Elke gelowige het minstens een gawe en is 'n dienaar. Om ons gemeente op te bou, moet elke gawe (wat van mens tot mens verskil) benut en gebruik word vir dienswerk tot almal se voordeel.

Hoe weet ek wat is my geestelike gawe? Drie bekwame diakens (Zoë en Danëlle Venter asook Clarissa Rehder) is reeds geïdentifiseer om binnekort verkorte lesings hieroor aan te bied. Hierdie uiters insiggewende lesings word aanbeveel as u enigsins twyfel. Datums en tye sal bekend gemaak word.

Die volgende diensgroepe is geïdentifiseer:



Bestuur

Diak. Jan Idema (Voorsitter). Koördinerings, administrasie, finansies.



Dienste vir seniors

Diak. Ena Britz. Omsien van seniors se belange.



Siekebesoekdienste

Diak. Towan Nöthling. Hulpverlening waar nodig.



Sosiale dienste

Diak. Paul Kruger. Nagmaales, KKnK, gemeentekamp.



Tradisionele dienste

Diak. Dirk Theron. Kommunikasie & Tegnologie
Diak. Petri Venter. Nagmaal, kollektes, ens.

Vanaf die Diakonie (vervolg)



Versorgingsdienste

Diaks. Hero & Izelle Vierbergen. Barmhartigheid, Pres. Kruger Kinderhuis, ens.)



Vervoerdienste

(Vakante pos). Vervoer en saamrygeleenthede.



Verwelkoming- en gasvryheidsdienste

Diak. Renate Wannenburg.
Skakeling met nuwe lidmate.



Jeugdienste

Diak. Zoë Venter
(Laerskool)

Diak. Inus Venter
(Hoërskool)

Diak: Clarissa Rehder
(Na-skool)

Die volgende diensgroepe is tans nog onder bespreking en benodig verdere ondersoek:



'n Diensgroep wat na die belange van die getroude jeug / jong gesinne / enkellopendes in ons gemeente sal omsien.



'n Diensgroep wat voedselnood (bv. 'n sopkombuis) sal aanspreek (beslis in samewerking met ander gemeentes / soortgelyke organisasies in ons omgewing).

Kollektes

Die diakonie versoek ons lidmate om nie hul offergawes (soos vertoon op die foto hierlangs) in te handig nie. Die diakonie neem kennis van ons lidmate se wonderlike humorsin in dié verband, maar wys lidmate daarop dat die tellermasjiene, waar die geld gedeponeer word, die note verwerp omdat die note as “beskadig” beskou word. U samewerking word waardeer.



Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde Julie, word hieronder uiteengesit.

Alle syfers is in Rand.

	Julie 2025		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentatie Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Studentopleiding: kostes	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Julie 2025, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaat bydraes vir Julie 2025 was ** minder as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaat bydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaat bydraes.

Instandhoudingsfonds	Julie 2025	Jaar tot datum
Spandeer	**	**

Die bate instandhoudingsfonds het ** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Quentin en Heilletje de Villiers, saam hul dogters Isabel en Mieke.

Nadat hulle 'n paar jaar deel van GK Wonderboompoort was, het hulle die afgelope tyd weer by ons gemeente ingeskakel. Daarom is dit vir ons lekker om opnuut welkom te kan sê aan Quentin en Heilletje de Villiers en hul twee volwasse dogters, Isabel en Mieke.

Alhoewel Quentin in Phalaborwa en Heilletje in Pretoria opgegroeï het, het hulle mekaar in Malelane ontmoet. Hulle is in 2003 getroud en bly vanaf 2009 in Pretoria. Quentin was in verskillende Afrikalande in die mynboukonstruksie-bedryf werksaam. Hy het afgetree en bestuur tans die huishouding. Heilletje was vroeër in die onderwys, maar het haarself later as menswetenskaplike bekwaam en is tans in haar eie praktyk.



Beide Mieke en Isabel is tans studente. Mieke gradueer op 23 Augustus by TPTT Academy in toerismebestuur en sal dan, as dit Here dit gee, in die toerismebedryf begin werk. Isabel is by Stadio in Centurion besig om in mode-ontwerp en -aankope opgelei te word. Terwyl Isabel kunstig is en ook besig is om hangertjies te maak, hou Mieke daarvan om te lees.

**Quentin, Heilletje, Mieke en Isabel:
Mag jul saamwees met ons in ons
Here Jesus se kerk bydra tot Sy
grootseheid en mag julle elkeen op jul
eie manier diensbaar wees, sodat
ons almal saam na ons Here Jesus
kan groei!**



Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe

Bemoedigingsgroepe

Andrie Beumer

Onder leiding van die diakonie word daar tans gekyk na wyses waarop ons die bemoedigingsgroepe in ons gemeente meer effektief kan aanwend. Vroeër was dit hoofsaaklik diakens wat hierdie dienswerk verrig het, maar daar is gou gevind dat dit 'n te groot taak is vir die handjievul diakens wat daarby betrokke is. Daarom word al hoe **meer lidmate nou ingespan om saam met die diakens die liefdestaak te verrig**. Na verlede Sondag se preek waar ds. Pieter gefokus het op hoe ons as gemeente die roeping het om elkeen sy gawes in diens van die ander gemeentelede en tot eer van God aan te wend, maak ons nou in breë trekke die werkswyse hier bekend. Indien u voel dat u graag hier betrokke wil raak, kom praat enige tyd met ons na kerk of skakel die diaken wat die aksie koördineer.



Die **Siekebesoekdienste** o.l.v. Towan Nöthling (083 861 8824) probeer om by elke hospitaalpasiënt, wat meer as twee dae in die hospitaal vir 'n operasie of ernstige siekte is, uit te kom. Die groep is interaktief op 'n whatsapp-groep waar die lede aandui of jy iemand sal kan besoek. Omdat die groep nog redelik klein is, is daar dikwels siekes by wie daar nie besoek afgelê kan word nie. U kan deel word van hierdie groep, al kan u dalk net een of twee keer 'n maand iemand besoek.

Soms ken u iemand goed en wil graag daardie persoon besoek. Dis ter wille van hierdie koördineringsgroep dat ons graag u naam ook op ons groepie wil hê. Die terugvoer nadat u daar was, gee ook vir ons 'n aanduiding of meer besoeke benodig sal word. Die gebedsgroep word ook op hoogte gehou sodat daar vir hierdie lidmate gebid kan word.



Die **Dienste vir seniors** werk op dieselfde wyse. Hierdie groep is onder leiding van Ena Britz (072 242 3894). Die doel hier is om seniors wat eensaam is op 'n gereelde basis te besoek en ook hulle behoeftes vas te stel. Ons benodig hier ook nog lidmate wat voel dat hulle 'n rol kan speel. Hierdie besoeke is dikwels heel gesellig omdat die lidmate wat besoek word, dit geweldig waardeer.

Baie van al bg. besoeke word in groepies van twee persone gedoen. As u dus 'n gawe het om met mense te werk en hulle kan bemoedig, is hierdie dalk 'n plek waar u u godgegewe gawe kan gebruik. Deurdat ons dikwels twee-twee uitgaan, leer ons mekaar ook op hierdie wyse beter ken en kan u selfvertroue kry terwyl die "ou" hand aanvanklik die leiding neem.

Oorweeg asb. biddend of u hierby betrokke wil raak.


Blokraai

Augustus 2025

- ✦ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ✦ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kalender.
- ✦ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- ✦ Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- ✦ Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- ✦ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.



Naam en van: _____



Blokraai (gevolg)

Leidrade - Af:

2. Een van die vroue wat in die artikel Diensbaarheid – juk of vreugde? genoem word.
3. In watter Bybelboek word vertel hoe Jesus sy dissipels se voete gewas het? (uit Voetewas: só moet ons ook doen)
5. Waarmee word die kerk vergelyk? (uit Uit die pen van die redakteur)
4. Wie het gesê ons dien God deur ander te dien? (4,6) (uit Dien met vreugde)
6. Een van die sendelinge wat opleiding in Mosambiek verleen. (uit Toerusting van kerkleiers baie waardevol)
7. Watter diaken is die koördineerder van die Verwelkoming- en gasvryheidsdienste? (uit Diensgroepe)
9. Ps. ___ sê ons moet die Here met blydskap dien. (uit Dien die Here met blydskap)

Leidrade - Dwars:

1. Die profeet Jesaja het hierdie nasie se ondergang voorspel. (uit Diere en voëls van die Bybel)
6. Watter eienskap van vroue staan uit? (uit Diensbaarheid: juk of vreugde?)
8. God het ons uniek gemaak, ons is een van sy _____. (uit Verklaar jouself bereidwillig)
10. Diaken ____ is die koördineerder van die Siekebesoekdienste. (uit Diensgroepe)
11. Wat is tans 'n effense kopseer rakende die offergawes? (uit Kennisgewing)
12. Watter suster het die Julie blokkiesraaisel suksesvol voltooi?
13. Wie het die artikel oor die Bemoedigingsgroepe geskryf?
14. Waar in Afrika help Giepie om dissipels van gewone mense te maak? (uit Dankbaar vir sy genade)

Het jy geweet?

Gehard van Staden

Die **Heilige Gees** word aan gelowiges gegee. God stort **geestelike gawes** op sy kerk en mense (gelowiges) uit. Spesifieke gawes word aan spesifieke persone gegee om spesifieke redes. God gee ook aan die ontvanger van spesifieke gawes spesiale krag om 'n spesifieke taak uit te voer. **Die doel van geestelike gawes is dus om die liggaam van Christus te bevoordeel en te versterk asook om die kerk op te bou.**

Bronnelys:

Van der Watt, J., Bosman, H., Du Rand, J., Janse van Rensburg, F., Nel, M., Smit, D. & Venter, P. 2003. Die Bybel A – Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaat-skappy.



Diere en voëls van die Bybel


Roofvoëls (Deel 4)

Gerhard van Staden

In deel 3 het ons gekyk na die arende. In hierdie uitgawe kyk ons na uile. As spesie word uile hoofsaaklik as simbool van verlatenheid, verwoesting, ellende en eensaamheid in die Bybel vereenselwig. Die Israeliete het uile as onrein beskou en is dus nie as geskik beskou om as voedselbron te dien nie. (Deut. 14:16, Lev. 11:17). In Arabies is die letterlike betekenis van die woord uil “**moeder van die ruïnes**”.

In Ps. 102 (die vyfde boetepsalm, wat as klaaglied terapeutiese waarde bied vir ons as gelowiges, want dit gun aan ons die geleentheid vir belydenis en vergifnis van ons sondes) verwys die psalmis onder andere na homself as ’n uil tussen murasies waar hy kla oor die verganganklikheid van sy lewe.

Die Edomiete het in hul geheel ophou bestaan nadat die profeet Jesaja hul verwoestende einde beskryf het. Hier het hy ook melding gemaak van die uile wat daar sal woon en hul tuismaak (Jes. 34:11). Edom word dus ’n tuiste vir die wilde diere van die veld. In metaforiese taal word die verwoesting van Edom beskryf as die Here se offerfees.



So lees ons ook in Jes. 13:21 dat, na die ondergang van Babel en die totale vernietiging daarvan, net die woestyndiere daar sal gaan lê en dat die huise vol uile sal wees. In Jes. 14:23 lees ons “Ek maak sy land [Babel] ’n blyplek vir uile, ’n rietmoeras”. Die verwoesting van Babel impliseer dus hier die redding van Israel.

George Cansdale het bevind dat daar vier permanente spesies (ooruile, bosuile, nonnetjie-uile en kleinuile) en drie migrante spesies uile (kortooruil, langooruil en skopsuile) in Israel voorgekom het. Groot verwarring bestaan egter steeds met die vertaling van die woord “uil” en meer navorsing in die verband moet nog gedoen word. Dit is egter ’n voldwonge feit dat uile geensins met ander soorte roofvoëls in die Bybel verwar word nie.

Met die volgende aflewering kyk ons na kraaie en rawe.

Bronnelys
Bybel. 1993. Die Bybel in Praktyk, 4de uitg.
Vereeniging: Christelike Uitgewers-
maatskappy.
Cansdale, George. 1970. All the animals of
the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan:
Zondervan Publishing House.

Tienerfokus


Dien die Here met blydschap

Henriëtte Mulder

“’n Dankpsalm. Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydschap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.”

Ps. 100 leer ons dat ons die Here altyd met blydschap moet dien en soms kom die diensbaarheid na vore op plekke wat ons dit nooit eens sou dink nie.

Vul die blokkiesraaisel in:



Af:

1. Sy word op 'n spesiale manier diensbaar aan God deur geboorte te skenk aan Jesus.
3. 'n Jong seun in die huis van Saul wat later die koning word.
5. 'n Aantal vroue het saam met Jesus en die twaalf dissipels gereis en hulle versorg. Daar was Maria Magdalena en Johanna, die vrou van Gusa, 'n hoë amptenaar van Herodus. Wie is die ander vrou wat in Luk. 8 genoem word?
8. Hy is as babaseuntjie in 'n biesiemandjie neergelê en deur die farao se dogter grootgemaak.

Dwars:

2. Sy het Jesus se voete met nardusolie gesalf en met haar hare afgedroog. Jesus het haar broer Lasarus uit die dood gered.
4. 'n Joodse vrou wat met koning Ahasveros getrou en so haar volk gered het.
6. As gevolg van haar beroep is sy nie geag nie, maar God gebruik haar deur die verkenners met 'n tou uit die venster te laat sak.
7. Hy was en is en sal altyd die grootste voorbeeld van diensbaarheid aan ons wees.
9. Hy was eers 'n vervolger van die kerk, maar na sy bekering het hy die Evangelie verkondig en gely vir sy geloof.
10. Hy is as jong seun deur sy broers verkoop en God het hom in Egipte gebruik om die volk van hongersnood te red.

Heer, leer ons dat ons in diensbaarheid aan U en ons naaste sal leef sodat ons ook op hierdie praktiese manier U kan verheerlik en die Evangelie kan uitdra.

Die Groot Geheim - Deel 4

Nicola du Plessis

“Ek kan nie glo hy het Ja gesê nie!” sê Ray-lene, duidelik opgewonde, toe hulle by die hoof se kantoor uitstap. “Al wat nou oorbly is om dit te bou.” Suzanne kyk na Edwin. “Dit is moontlik nê?”

“As jy die spoed waarmee sowat tien kilogram afkom in ag neem, sal jy ’n landingstrook van omtrent ...” Hy stop toe hy sien hoe sy vriende hom aankyk. “Ja, dis moontlik. Ons gaan net ’n paar toetslopies moet hê.”

“Daai is al wat ek wou hoor. Sien julle môreoggend SESUUR op die grasperk.” Dan verkas al ses na hulle onderskeie huise.


“Genugtig maar dis koud so vroeg in die oggend!” Herman trippel soos die res rond. Hul asems wasem om hul koppe. “So, nou mag jy ons maar verveel met jou formules en bewerkings, Edwin,” sê Suzanne.

“So, as die gewig te vinnig afkom, en iemand is in die pad, kan daardie iemand geskiedenis wees ... Daarom het ek gisteraand met ou hake gaan rondspeel om ’n soort remmeganisme te probeer ontwerp. Of dit werk, weet nimmer ... In hierdie rugsak het ek genoeg bakstene gepak om die vraagteken-effek na te boots.”

Hy gee die rugsak vir Anzel. “Julle moet nou opgaan tot bo en die tou vasmaak aan die trapreling. Maak dit so styf vas asof jou lewe daarvan afhang, want ek gaan onder wees, so as die sak loskom, is dit verby met Edwin Swart. Herman, jy en Luan staan by die eindpunt. As die tou bo vas is, bring ek die ander punt vir julle en julle maak hom hier vas. Sorg dat hy snaarstyf gespan is.”

Met dit alles in plek begin die eerste toetslopie.


Dit gaan goed ... tot alles nie meer so vlot verloop nie ...



Kleuterpret

Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.



Jongmensjolyt

Aktiwiteit

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak.

Lees **Matteus 20:25-28** en vind al die woorde wat in die versies hieronder, ontbreek.

C	H	C	T	E	R	L	C	H	L	E	W	E	F	Z
J	P	O	J	E	E	S	A	P	G	F	A	X	T	L
E	C	Z	T	S	E	R	K	F	A	T	Q	U	A	O
S	Z	H	F	I	I	I	S	D	K	R	O	X	B	S
U	K	I	S	E	U	C	P	T	L	E	N	B	U	P
S	N	A	G	R	S	D	S	C	E	G	V	X	C	R
G	N	G	B	H	T	E	M	O	K	E	A	K	N	Y
G	G	S	C	O	Q	L	U	S	I	E	V	R	I	S
V	I	E	O	Y	W	M	X	N	P	R	F	I	C	C
M	M	R	D	P	S	J	W	R	P	D	K	N	J	J
H	G	M	J	I	H	L	V	C	P	E	Y	G	J	H
Y	M	B	D	I	E	N	A	A	R	R	A	K	I	T
H	F	M	E	N	S	N	C	A	B	S	L	O	Q	Q
H	O	J	L	A	P	A	E	P	F	G	E	K	O	M
O	I	Q	Q	O	A	B	U	V	D	S	X	P	X	T

“_____ roep hulle toe nader en sê: “Julle weet dat dit by die_____ so is dat die _____ oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle _____ . Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle _____ wil word, moet julle _____ wees; en elkeen wat onder julle die _____ wil wees, moet julle _____ wees. So is dit ook met die _____ van die _____: Hy het nie _____ om _____ te word nie maar om te dien en sy _____ te gee as _____ vir baie mense.”

Briewekolom

Ds. Johannes Aucamp, een van die mede-aanbieders van die kursus vir kerkleiers in Milange het die volgende geskryf oor die vordering met die kursus. Die brief moes ongelukkig verkort word (Red.).

Redakteur: Die Fontein

Kerkleierstoerusting – In pas loop met die Heilige Gees...

Een van die beste strategieë om God se koninkryk te bou, is om die leierskap van God se kerk te ontwikkel. Kerkleiers wat God bo alles lief het en ons Here Jesus Christus se dienende gesindheid in hul daaglikse lewe navolg, is 'n belangrike sleutel om nasies te dissipel en God se koninkryk op alle terreine van die samelewing te laat deurbreek.

Ds. Ronald Chimzimu, 'n broer van Malawi het die res van die week voorgevat nadat ds. Danie Murray met die opleiding begin het. Ronald se geesvervulde entoesiasme was aansteeklik. Die Here het deur hierdie begaafde dienskneg se eenvoudige groepsbybelstudies en inspirerende terugvoersessies die deelnemers diep aangeraak. Hy het die waarhede in die Woord nie net oopgebreek nie, maar baie relevante toepassings vir die tradisionele leefwêreld van kerkleiers, die gemeentes en gemeenskappe waar hulle dien, gemaak. Sy Afrika relevante vergelykings, voorleef-verhale en humor het herhaaldelik die waarheids- en liefde-spykers diep ingeslaan.

Die deelnemers is toegerus oor hulle geestelike groei. Soos wat jy in pas met die Heilige Gees loop, groei jy al hoe meer na die beeld van ons Here Jesus Christus. So word die kenmerke vir kerkleiers wat in 1 Timoteus 3 beskryf is, in jou gesin, gemeente en gemeenskap sigbaar en kan die Here jou as 'n leier roep en uitstuur om in sy koninkryk te dien. Jou man-wees vir jou vrou en jou pa-wees vir jou kinders soos wat God dit in sy Woord bekend maak, is die leerskool om 'n leier voor te berei om in God se kerk leiding te neem.

In die laaste sessie van elke dag word daar gevra hoe God met jou gepraat het en wat is jou reaksie op God se praat met jou. Vrydagmiddag se sessie was een van daardie heilige skoene-uittrek oomblikke. Dit was duidelik dat baie van die kerkleiers se man-as-hoof-wees en pa-wees rol in hulle huisgesinne na aanleiding van die Afrika denke oor man-wees en pa-wees, gevorm is. Die een na die ander het opgestaan en bely. Help my asseblief Here, vergewe my asseblief Here, ek wil verander...

Bid asseblief saam en vir die deelnemers en ons wat voorloop. Bid dat hierdie waarheidsmomente sal oorloop in lewensverandering. Vir herstel van man en vrou verhoudings en pa en kind verhoudings. Vir in-pas-stap met die Heilige Gees en groei om meer en meer soos ons Here Jesus Christus te wees. Bid vir meer werkers vir die oes en vir mense wat se harte ontvanklik is vir God se waarheids- en liefdessaad. Bid vir vrug wat sal vermenigvuldig en hou. Bid ook self-ondersoekend oor jou wandel met die Here. Is jy kind van God en leef jy soos 'n kind wat deel van God se huisgesin is?

Briewekolom (vervolg)

Die Heilige Gees help, onderrig, herinner

Een van die wonderlikste beloftes in die Bybel is dat God in ons kom woon. Dat Hy ons liggaam sy tempel maak. Dat Hy van binne-af ons verlos en heilig, ons begelei en stuur. Dit is die grootste voorreg wat ons het.


Ons lees daarvan in Johannes 14:15-26. As jy die Here Jesus liefhet, sy opdragte gehoorsaam en ter harte neem, dan woon God in jou. God is nou in jou, sál ewig by jou wees. Die eerste aspek van die Gees se werk is dat Hy kom om ons te help. Hy word met die Griekse woord *paraklêtos* beskryf. Dit is iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster, 'n helper. Soos Eva vir Adam gegee is as helper, só is die Gees vir elkeen wat in Jesus glo as Helper gegee. Hierop kan ons staatmaak. Sy hulp is 'n geskenk van God waarop ons kan reken, in enige situasie, konflik, uitdagings, hartseer of moeilikheid. Die Heilige Gees is ons Helper. Dit is die eerste groot bate van ons verhouding met die Here Jesus.

Die tweede aspek van die Gees se werk is dat Hy ons in alles sal onderrig, aan alles sal herinner wat Jesus gesê het. Dit hoor ons in Johannes 16:8-13. Hierdie aspek van die Gees is van sleutel belang om te weet waarmee Hy ons help, waarin Hy ons onderrig en waaraan Hy ons herinner. Natuurlik help Hy ons met die uitdagings in ons persoonlike lewe; waar ons vertroosting nodig het. Maar daar is 'n groter agenda ter sprake in die Gees se werk in ons. Hy lei ons in die volle waarheid, omdat Hy ons wil gebruik om die wêreld te bedien met die waarheid; om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Jesus het gesterf vir die sonde, om geregtigheid vir ons te verwerf, sodat ons die oordeel van God kan vryspring. Dit is die hart van die goeie nuus van die evangelie.

En almal moet dit hoor. Dit is waarvoor die Heilige Gees in jou woon. Die Gees is met daardie doel gegee. Jy kom sy werking in jou agter wanneer jy jou beskikbaar stel om oor hierdie dinge te praat, Hom toe te laat om deur jou sy oortuigingswerk te doen. God wil mense vrymaak deur die geregtigheid van Christus. Sy belofte is immers dat elkeen wat sy Naam aanroep, sal gered word. Paulus skryf in die Romeinebrief dat die skepping sug; 'n "vurige verlange", na die openlike bekendmaking van die kinders van God. Die skepping wil dieselfde vryheid ervaar van verganklikheid wat die kinders van God te beurt sal val (Rom 8:18-30).

Die Heilige Gees sug binne ons dat dié dag sal aanbreek!

Groete,
Dirk Coetzee



More,

My ma het die blokkie graag
ingevul en vreeslik geniet om dit
te doen!



Groete
Renate

Snuffelfontein

Plaas jou advertensie gratis!

Lidmate mag gratis in die **Fontein Maandblad** adverteer mits dit aan die standarde voldoen. Hierdie vergunning geld egter slegs vir ons gemeente se eie lidmate. Met hierdie rubriek wil ons graag die geleentheid skep dat ons as lidmate mekaar ondersteun! As jy n advertensie wil plaas, skakel gerus die kerkkantoor!



Stuur jou advertensies na
fontein@annlin.co.za.



Of WhatsApp die kerk-
kantoor by **079 162 3453.**

Blokadvertensies

GEMEENTE KAMP

EGK EDEN KAMPTERREIN

TEMA:
Wat sê ek van,
wat sê ek vir...

10 - 12 OKTOBER 2025

GEMEENTE GELEENTHEID

*in Oogendtee met 'n twist?
(Ja, dis vir mans ook!)*

Datum: Saterdag, 20 September 2025
Tyd: 10:00 – 12:30
Plek: Kerkzaal, Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin, Braam Pretoriusstraat 88, Wonderboom

Gasspreker: GP van Rhede van Oudtshoorn, Motiverings- en vermaaklikheidspreker en sanger.

Koste: R200/kaartjie
Fondsinsameling ten bate van Palliatiewe Sorgeneheid (Hospice) by Huis Hermon.

EFT betalings: GK Annlin Susters
Absa Tjek 632 005
Rekening: 903 401 58
Verwysing: Tee+Naam+Hoeveelkaartjies
Kontant kaartjies te koop na kerk by die luik in die kombuis.

Navrae: Magda du Toit
066 204 9285
magda.du.toit@outlook.com

Gereformeerde kerk Pretoria-Annlin

60 jaar van Genade en Diens!

GK Pretoria-Annlin het die voorreg om DV **16 Oktober 2025** haar 60ste jaar van Genade en Diens in ons Here Jesus Christus te vier!

Saterdag **18 Oktober 2025**, word die feesdag gehou en Sondag **19 Oktober 2025** 'n erediens om hierdie 60ste bestaansjaar te huldig.

Alle oud-lidmate asook alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om die naweek saam met ons fees te kom vier!

Vir meer inligging, skakel met die kerkkantoor:
kerkkantoor@annlin.co.za 079 162 3453 012 567 1492

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angstersteuring of verslawing? Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



2025

Afri-Duetfees

PAUL KRUGER 200

Vrydag 24 Oktober | 19:00
Saterdag 25 Oktober | 14:00
NG Kerk Elarduspark, Fretstraat
duetfees@gmail.com | 082 377 1112

Jannie Moolman & Natasha Joubert

Louis Loock & Loriska Schmidt

Hendri Myburgh & Nadia Beukes

Wynand & Chereë Strydom

Die 12de Afri-Duetfees gaan hierdie jaar 'n unieke belewenis van musiek en vaderlandsnostalgie wees. **Die musiek:** 'n Volle program van ons mooiste Duetmusiek deur ons top-duetpare word weer in tipiese Afri-Duetstyl aangebied in die amfi-teater kerkgebou van die **NG Kerk Elarduspark**. **Die nostalgie:** Ons bring saam met die FAK dankbare hulde aan President Paul Kruger, wat op 10 Oktober 200 jaar gelede gebore is. 'n Deel van die na-pouse program vertel sy aangrypende storie met klank en musiek, van Die Trekliedjie tot KentGij Dat Volk. Die vermaarde akteur en sanger Rouel Beukes tree op as Paul Kruger. **Die opbrengs:** Baie paslik gaan 'n derde van die opbrengs van die Duetfees aan die Gereformeerde Kerk Pretoria, met die uitsluitlike doel die opknop en instandhouding van die Paul Krugerkerk, die enigste kerkgebou in Pretoria uit die 19de eeu wat vandag nog elke Sondag vir eredienste gebruik word. 'n Ander derde van die opbrengs gaan vir die **Sorg Met Eer** projek, wat help dat die Gereformeerde Kerke ons emeriti eervol kan versorg. Die laaste derde gaan aan die Gereformeerde kerk Magalieskruin wat die reëlings, besprekings en administrasie behartig. Kaartjies kos R200, R230 of R280 en kan bespreek word by Riekie Prinsloo. **Riekiep3@gmail.com en 082 586 9167.**

**EVANGELISASIE AKSIE-
KONINGSKINDERS NOORDELIKE PRETORIA**

Borg 'n kind!

**DV 5-13 DESEMBER 2025
WORD 'N GRATIS KAMP VIR
50-60 KINDERS AANGEBIED
WAAR DIE EVANGELIE BEDIEN
WORD**

ONS VRA ASB. VIR U HULP:

- Borg 'n kind (R2 500)
OF enige ander bydrae sal opreg waardeer word.
- Deel asb. met ander wat graag sal wil / kan help.

BANKBESONDERHEDE:

Koningskinder Noordelike Pretoria
ABSA
Rek no. : 9 276 253 131
Takkode: 509145

Onder toesig van Gereformeerde kerk
Wonderboompoort

WhatsApp: 075 312 2008
kamp@koningskinder.co.za

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Baie dankie vir al die pragtige skenkings wat van oral ontvang is!

Casual Day
Beyond the Labels
NCPD

Bestel jou LOSLITDAGPLAKKERS vir 5 September by TOIBO
E-pos: info@toibo.org.za

Projek Warmlyfie
www.toibo.org.za

**Kom geniet
NG Montana
se BROODFEES
Everybody Welcome**

6 September 2025 ; 08:00 - 13:00
Plek: NG Montana
300 Veronicaweg, Montana

Verskeie Stalletjies / Market Stands
Speelpark en pret vir die hele gesin
Great family fun & Playpark
SANBS, Loslit Dansorkes & Prosec Security
Secure parking at Metro Lifestyle Centre
www.ngmontana.co.za

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

